higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

BEGINSELS VAN MULTIMEDIA
NKR-VLAK 2

(10040162)

20 November 2019 (Y-Vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsye.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde neer te skryf. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'n Kliëntetoepassing wat bladsye en ander www.-hulpbronne gaan haal en aan die gebruiker vertoon, staan bekend as 'n …

1.1.2 'n Acrobat-dokument of lêerformaat wat ingebedde beelde, grafika en fonts bevat, staan bekend as ...

1.1.3 … is die lewering van inligting wat verskillende inhoudsformate, bewegingsvideo, oudio, stilbeelde, grafika, animasie en teks kombineer.

1.1.4 … is 'n animasietegniek wat gebruik word om een beeld geleidelik in 'n ander te verander.

1.1.5 Die proses om analoogvideosein na digitale inligting om te skakel, word ... genoem.

1.1.6 Enige tegnologie wat analoogseine, soos video- en stemseine na digitale vorm omskakel en dit saampers om bandwydte op 'n transmissiebaan te spaar, staan bekend as ... .

1.1.7 'n Versameling van ryklik geformateerde grafika/hipermedia-dokumente wat op rekenaars regoor die wêreld geleë is en logies deur die internet aan mekaar verbind word, staan bekend as ...

1.1.8 ... stel die gebruiker in staat om media onmiddellik vanaf die internet te speel, sonder om eers die hele medialêer te moet aflaai.


1.1.9 … is die mees algemene element van multimedia.

1.1.10 'n Simulasie van beweging wat geskep word deur 'n reeks prente, of rame in tekenprente te vertoon, is 'n voorbeeld van … .

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.2 Bestudeer FIGUUR 1 en FIGUUR 2 hier onder en identifiseer die onderdele van 'n digitale kamera wat getoon word. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer.



[Bron: *www.google/images.co.za*]

FIGUUR 1



[Bron: *www.google/images.co.za*

FIGUUR 2

(10 × 1) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Digitale storievertelling is die gebruik van 'n rekenaar se oudio- en visuele instrumente om 'n storie te vertel.

1.3.2 Storieborde word in storievertelling gebruik om 'n plan en/of uitleg vir 'n storie te skep.

1.3.3 Die eerste stap wanneer 'n digitale storie geskep word, is om dit te redigeer.

1.3.4 Die beste storievertellers is diegene wat aan gehore 'n unieke ervaring bied.

1.3.5 'n Oorbeligte foto sal baie lig wees.

1.3.6 'n Goeie storie wil jou daarna laat luister, dit kommunikeer met jou lewe en toon werklike situasies.

1.3.7 Dit is 'n goeie idee om prente te gebruik wanneer 'n mens vir kinders stories vertel.

1.3.8 Die stem is 'n element van digitalestorievertelling.

1.3.9 Die proses om stories te hersien en proeflees word redigering te noem.

1.3.10 Enige musiek kan gebruik word om 'n storie aan te vul of te komplementeer.

1.3.11 In koerante word stories in duim en/of sentimeter gemeet.

1.3.12 Jong mense voel dikwels die meeste aangetrokke tot *realistiese* stories.

1.3.13 Oorgange en grafika is elemente van digitale storievertelling.

1.3.14 Elke goeienuus-storie moet 'n begin, middel en einde hê.

1.3.15 'n Fiktiewe storie probeer die waarheid oor die antagonis in die storie vertel.

(15 × 1) (15)

1.4 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 'n Klanksein beweeg vinniger in ...

A lug.
B 'n vloeistof.
C vastestowwe.
D 'n lugleegte.

1.4.2 'n Klankgolf van 'n enkele frekwensie staan bekend as ...

A musiek.
B 'n toon.
C geruis.
D distorsie.

1.4.3 Distorsie kom in 'n opname voor wanneer ...

A te veel klankseine gelyktydig opgeneem word.
B die klank te intens of te hard is en die ware kwaliteit daarvan verander word.
C die luisteraars nie die klank kan hoor nie.
D die sangers nie behoorlik geoefen het nie.

1.4.4 Eksterne geruis kan gedefinieer word as …

A geruis wat nie deur 'n klankstelsel opgeneem kan word nie.
B geruis buite die opnamelokaal of studio.
C die tipe geruis wat gewoonlik ekstern is weens 'n klankstelsel.
D interne geruis van die klankstelsel.

1.4.5 … word voortgebring wanneer iets vibreer.

A Lug
B Lig
C Klank
D Energie

1.4.6 Die volgende is 'n tipe eksterne geruis:

A industriële geruis
B elektrongeruis
C termiese geruis
D steurspraak

1.4.7 Die interne geruis van 'n klankopnamestelsel word gedefinieer as …

A geruis wat tans deur 'n klankstelsel opgeneem word.
B geruis buite die opnamelokaal of studio.
C die tipe geruis wat gewoonlik ekstern is weens 'n klankstelsel.
D geruis in die interne komponente van die klankstelsel.

1.4.8 Wanneer musiek in 'n vertrek opgeneem word, verwys agtergrondgeruis na die …

A omgewingsgeruis in 'n vertrek wat nie met die instrument(e) verband hou nie.
B stem(e) wat opgeneem word.
C stelselgeruis.
D ghitaarklank wat opgeneem word.

1.4.9 Wanneer oorklanking op analoogklank toegepas word, verwys dit na ...

A die herhaling van 'n liedjie op band.
B die uitvee van 'n voorheen opgeneemde band.
C die kopiëring van een band na 'n ander.
D die omskakeling van analoogklank op band na digitale klank.

Kopiereg voorbehou

1.4.10 Steurspraak ('crosstalk') in klank beteken ...

A lekkasie van klank van een vertrek na 'n ander.
B vervaging van die huidige oudiosein.
C die vermenging van twee ongewenste oudiokanale.
D die ongewenste lekkasie van 'n oudiosein tussen twee oudiokanale.

1.4.11 Vermenging in klankverwerking kan gedefinieer word as ...

A die vermenging van meervoudige klanke of kanale om een klank te vorm.
B die blokkering van ongewenste geruis terwyl 'n opname gemaak word.
C verhoging van die volume van opgeneemde klank.
D balansering van die geruis en klank in musiek.

1.4.12 Die gehoordrempel in mense kan gedefinieer word as ...

A 'n sagte geruis wat nie vir mense hoorbaar is nie.
B 'n algemene tipe geruis.
C minimum- en maksimumreekse van geluide wat gehoor kan word.
D enige geluid wat vir mense hoorbaar is.

1.4.13 'n Luidspreker wat aan 'n musiekstelsel gekoppel is, is ...

A digitale toerusting wat gebruik word om bisse na klank om te skakel.
B 'n toestel wat elektriese seine na klank om te skakel.
C 'n toevoertoestel wat ook op TV-stelsels gevind word.
D die laaste deel van enige musiektoerusting.

1.4.14 Smalbandgeruis word beskryf as ...

A minder belangrike geruis in 'n stelsel.
B geruis wat oor 'n beperkte frekwensiereeks voorkom.
C geruis wat nie baie vervorming aan die seine veroorsaak nie.
D geruis teen lae frekwensies.

1.4.15 Klankverwerking/prosessering kan gedefinieer word as ...

A modulering van ongewenste seine
B werklike prestasie deur die musikant
C 'n manier om die klank deur baie toestelle te laat beweeg
D die doelbewuste wysiging van oudioseine

(15 × 1) (15)
[15]

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Bestudeer die plakkaat hier onder en beantwoord die volgende vrae:



[Bron: *www.google/images.co.za*]

FIGUUR 3

2.1.1 Verduidelik die belangrikheid van hiërargie in tipografiese ontwerpe. (3)

2.1.2 Bespreek die doel van die eerste vlak van tipografie in 'n plakkaat (3)

2.1.3 Identifiseer enige TWEE vlakke (behalwe die eerste vlak wat in VRAAG 2.1.2 genoem is) wat die plakkaat hier bo aantreklik maak. (2 × 2) (4)

2.1.4 Noem enige DRIE voordele daarvan om 'n plakkaat te gebruik om 'n boodskap te kommunikeer. (3 × 2) (6)

2.2 Definieer die term *reël van die derdes*. (2)

2.3 Noem enige TWEE lêerformate wat gebruik kan word om beelde te stoor. (2 × 1) (2)

[20]

VRAAG 3

3.1 Beskryf enige VYF voordele wat 'n reklameagentskap kan verkry deur animasie op hul webwerf te gebruik. (5 × 2) (10)

3.2 Verduidelik die grootste voordeel van die gebruik van GIF ('Graphic Interchange Format') as 'n vorm van webanimasie op 'n webwerf. (2)

3.3 Definieer die volgende terme wat op animasie betrekking het:

3.3.1 Rotoskoop-tegniek

3.3.2 Bewegingsvaslegging


3.3.3 Sleutelraamanimasie

3.3.4 Driepuntbeligting

(4 × 2) (8)
[20]

VRAAG 4

4.1 Bestudeer die diagram hier onder wat die blootstellingsdriehoek van 'n digitale kamera toon en beantwoord die vrae.



[Bron: *www.google/images.co.za*]

FIGUUR 4

4.1.1 Bespreek die belangrikheid van die kamera se *ISO*-stelling. (3)

4.1.2 Verduidelik kortliks hoe 'n fotograaf 'n kamera se sluiterspoed kan aanpas wanneer hy of sy 'n sportman of -vrou in aksie fotografeer. (3)

4.1.3 Bespreek die rol van die openingstelling wanneer 'n foto geneem word. (3)

4.2 Beskryf kortliks enige VIER nadele van analoog- (film-) fotografie. (4 × 2) (8)

4.3 Beskryf die werking van die digitale SLR- of DSLR-kamera. (3)
[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Noem enige SES beginsels van animasie wat nagekom moet word wanneer animasiefilms geskep word. (6 × 2) (12)

5.2 Bespreek hoe die volgende in D-animasie gebruik kan word:

5.2.1 Skandeerlynweergawe

5.2.2 Web-animasie

5.2.3 'Flash'-animasie

5.2.4 Weergawe ('rendering')

(4 × 2) (8)
[20]

VRAAG 6

Bestudeer die storie hier onder en beantwoord die vrae.

Eendag het 'n heilige man 'n dorp 'n paar dae lank besoek. Gedurende sy verblyf het die heilige man dikwels stil onder 'n boom sit en bid. Mense het van hom te hore gekom en het hom kom besoek om oplossings vir hul probleme te soek.

In dieselfde dorp het daar ook 'n baie ryk handelaar gewoon. Nadat hy 'n paar dae lank die heilige man dopgehou het, was hy diep geraak deur die heilige se toewyding en opregtheid.

Eendag het die ryk man na die heilige toe geloop, vir hom 'n sak vol geld aangebied en gesê, 'Ek weet jy sal hierdie geld tot voordeel van ander behoeftige mense aanwend, so aanvaar dit asseblief'.

Die heilige man het geantwoord, 'Wag asseblief net 'n oomblik. Ek is nie seker dat dit reg van my sou wees om jou geld te vat nie'.

Die heilige het uitgevra, 'Is jy ryk? Het jy nog geld by die huis?'
Die handelaar het trots geantwoord, 'Ja, ek het nog duisende meer geldmunte by die huis'.

Die heilige man het weer gevra, 'Wil jy nog duisende meer geldmunte hê?'
Die handelaar het geantwoord, 'Hoekom nie, ek werk elke dag hard om nog meer geld te verdien'.

Die heilige man het gevra, 'Wil jy nog duisende meer geldstukke kry as dit wat jy reeds het?'
Die handelaar het geantwoord, 'Beslis, ek bid elke dag dat ek nog meer en meer geld kan verdien ...'

Die heilige het die sak geld na die handelaar toe teruggestoot en gesê, 'Ek is jammer, maar ek kan nie jou geld vat nie".

De handelaar was verbaas. Hy het gevra, 'Maar hoekom nie ...?'.

Die heilige het geantwoord, 'n Ryk man kan nie geld van 'n bedelaar aanvaar nie'.

Kopiereg voorbehou

Die ryk man het beledig gevoel en verstom uitgeroep, 'Hoe kan jy my 'n bedelaar noem en jouself 'n ryk man?'

Die heilige man het geglimlag en geantwoord, 'Ek is ryk omdat ek tevrede is met wat ek het, en jy is 'n bedelaar omdat jy – ongeag hoeveel jy besit – altyd ontevrede is en vir nog meer bedel'.

6.1 Skryf 'n kort sinopsis (opsomming) van die storie. (5)

6.2 Identifiseer die held van die storie. (1)

6.3 Bespreek enige DRIE kenmerke van die storie wat dit geskik vir televisie maak. (3 × 2) (6)

6.4 Verduidelik kortliks die tipe konflik in hierdie storie. (2)

6.5 Identifiseer die volgende karakters:

6.5.1 Hoofkarakter

6.5.2 Steunkarakter(s) ('incidental characters')

6.5.3 Protagonis

(3 × 2) (6)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou